DEEL 117 | WEEK 40 | 3 OKTOBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Oom Paul na honderd nege-en-tagtig jaar weer in Heilbron











30 September 2025 was 'n dag om te onthou vir Heilbronners. Eers het die replika van Paul Kruger se standbeeld by die Heilbron Museum aangedoen. Die graad ses en sewe skool kinders van Hoërskool Heilbron het die geleentheid bygewoon, ongeag die snerpende weer. Daarna vertrek die toer groep met die beeld na Vegkop, waar hy staan gemaak was voor die standbeeld van Vegkop. Honderd nege en tagtig jaar na Paul Kruger as elf jarige seun saam geveg het by Vegop, was sy beeld weer vandag daar. Mense wat die geleentheid te Vegkop bygewoon het, was getrakteer met 'n pragtige, maar ernstige tonneelstuk: Kruger Breek die Pad Oop, deur NP Van Wyk Louw, wat opgevoer was deur vrywillige inwoners van Orania. Dit handel oor die lewe van Kruger en die harde besluite wat hy moes neem om wet en orde in Transvaal te bring.

Woensdagoggend het die groep vertrek, oppad na Bloemfontein, van waar hul dan na Orania reis om die standbeeld uiteindelik in die middel van die dorpsplein op te rig. Hierdie is 'n gemeenskapsprojek wat R2 500 000.00 kos - sonder staat subsidie. Daarom maak hul staat op skenkings en befondsing deur die verkoop van stene met bydraers se name op. Die stene word dan ingemessel in die voetstuk van die standbeeld op sy nuwe rusplek in Orania.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Geestesgesondheid – ’n Gesprek wat Ons Allemaal Raak

***’n Perspektief van ’n maatskaplike werker***

Gedurende Oktober maand gaan Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum fokus op Geestesgesondheid. Die 10de Oktober is Wêreld  Geestegesondheidsdag en ons wil jou bemagtig met kennis.

“Hoe voel jy regtig vandag?” Dis ’n eenvoudige vraag, maar tog een wat dikwels moeilik is om te vra. As maatskaplike werkers sien ons elke dag hoe hierdie eenvoudige vraag ’n groot verskil kan maak in iemand se lewe. Geestesgesondheid raak nie net individue nie – dit beïnvloed gesinne, werkplekke en gemeenskappe.

In Suid-Afrika ervaar ongeveer een uit vyf volwassenes op ’n gegewe tydstip ’n geestesgesondheidsprobleem. Hierdie uitdagings kan almal raak, ongeag ouderdom, geslag of agtergrond. Die goeie nuus is dat hulp beskikbaar is, en dat vroeë ondersteuning die uitkoms baie kan verbeter.

**Algemene geestesgesondheidstoestande**

**1. Depressie**

- **Simptome**: Langdurige hartseer, verlies aan belangstelling in alledaagse aktiwiteite, swak konsentrasie, slaap- of eetversteurings, gevoelens van waardeloosheid.
- Hoe ’n maatskaplike werker kan help: Ons kan geselsies fasiliteer, jou help om ondersteuning in jou netwerk te vind, en jou inlig oor medikasie en behandelingsopsies.

**2. Angsstoornisse**

- **Simptome:** Oormatige bekommernis, paniekaanvalle, rusteloosheid, verhoogde hartklop, sweet en selfs fisiese ongemak.
- **Ons rol:** Ons leer ontspanningsoefeninge, mindfulness en streshantering. Ons help ook om toegang tot psigiatriese sorg te kry indien nodig.

**3. Bipolêre versteuring**

- **Simptome:** Wissel tussen maniese fases (hoë energie, impulsiewe gedrag) en depressiewe fases (laag energie, wanhoop).
- **Ons rol:** Ons ondersteun die gesin en die individu om ’n gesonde daaglikse roetine te handhaaf, en help om behandelingsplanne te implementeer.

**4. Posttraumatiese stresversteuring (PTSV)**

- **Simptome:** Herleef traumatiese ervarings, nagmerries, hiperwaaksaamheid en emosionele afsnyding.
- **Ons rol:** Ons werk saam met terapeutiese spanne en ondersteuningsgroepe om trauma te verwerk, en help om ’n veilige omgewing vir genesing te skep.

**5. Eetversteurings**

- **Simptome:** Obsessie met gewig of kos, oormatige dieet, *binge eating* of selfsbesering.
- **Ons rol:** Ons werk saam met gesinne, sielkundiges en voedingkundiges om gesonde eetpatrone en emosionele ondersteuning te bevorder.

**Praktiese wenke wat ons aan kliënte gee**

- Deel jou gevoelens met iemand wat jy vertrou – jy hoef nie alles alleen te hanteer nie.
- Oefen gereeld, selfs ’n kort wandeling kan jou gemoed verbeter.
- Slaap genoeg en eet gebalanseerd – dit beïnvloed hoe jy voel en dink.
- Stel grense vir werk, sosiale media en verhoudings om jou emosionele energie te beskerm.
- Vind tyd vir ontspanning, stokperdjies of meditasie.

**Suid-Afrikaanse hulpbronne**

- SADAG (South African Depression and Anxiety Group): 0800 456 789
- Lifeline Suid-Afrika: 0861 322 322
- Suicide Crisis Helpline: 0800 567 567

Geestesgesondheid is nie net ’n individuele saak nie – dit beïnvloed ons almal. Ons sien elke dag die krag van gesprekke, ondersteuning en begrip. Deur te praat, te luister en mekaar te ondersteun, kan ons saam ’n kultuur van empatie en gesonde geestesgesondheid bou. Jou vraag aan ’n vriend, gesin of kollega – “Hoe voel jy regtig vandag?” – kan die eerste stap wees na genesing en hoop.

# Absa Run your City Joburg 10K

A proud Heritage Day Celebration, the Absa RUN YOUR CITY JOBURG 10K was founded in 2016 and celebrates the splendour of the City of Gold.

Runners (and walkers) were treated to a 10km journey that highlights iconic landmarks and featured lively performances by a host of Johannesburg’s leading performing arts groups. A true highlight on the SA running calendar, entrants also looked forward to rubbing shoulders with elite runners, both local and from abroad.




*In the photo: Gift Roets, Geraldine Ruiters, Malulu Majola, Eva Ramaite, Shanell Mtholo, Nompe Montsho, Nthabiseng Thapedi, Mampoi Mohapeloa, Salome Minnies, Phindiwe Mcwera, Lepekola Thapedi, Sepeko Marotholi, Tsholofelo Phakoe, Zandile Motsei, Thomas Moloi, Thabo Sethabela, Mpinane Molapo, Selinah Claasen, Sheldon Pienaar, Bernadette Pienaar, Veronica Motaung.*

# UIT DIE PEN:

## Week 40





My mond het hierdie week oopgehang. Babita Deokaran se stryd was toe nie verniet nie: daar was sindikate wat tot R2 miljard by Thembisa hospitaal gesteel het.

Madlanga se komitee luister tans na getuienis waar mense kom vertel na wie die vingers moet wys wat betref inmenging by polisieondersoeke.

Zondo se komitee het destyds al ’n klomp mense se name genoem: diegene wat daarvan verdink word dat hulle saamgespeel het om die hele land te kaap en die geldjies wat nie in hulle sakke beland het nie, in die magtige Guptas se hande te laat beland.

Om alles te kroon, het ’n gewese minister van polisie by die 22ste verdieping uitgespring.

Vanoggend, met eerste lig, hoor ek dat die gonswoord “#ThaboBester” is. Ek het eers gedink dat ek nog koorsdrome het, maar toe verstaan ek die logika daaragter: Thabo, van The Bold and the Bester, het ook “doodgegaan”, maar is later weer springlewendig in die winkel met die swart W opgespoor. Eintlik toevallig raakgesien.

En sommiges gis en wonder of die vorige minister van polisie en vlagpale dieselfde Bestertriek gaan trek.

Ek weet ook van iemand wat ten minste R 8,7 miljoen by sy werk gesteel het. Ek weet van mense wat baie nou met hom saamgewerk het, en nie een van hulle het van die sinistere plan geweet nie.

Ek wonder baie kere hoe ’n mens op sulke planne kom: om letterlik miljoene rande in jou sak te steek en niemand kom dit (dadelik) agter nie.

Ek het lank daaraan gedink, en ek is seker dit is hoe die plan gemaak is:

Kom ons gee die skelm ’n naam. Wat van Kobus?

Eendag, nie so lank gelede nie, het Kobus besluit om geld te maak. Hy bedink die maklikste plan ooit.

Kobus het ’n swart boekie met name van mense met wie hy al in sy 41 jaar op aarde saamgewerk het. Dalk amptelik, dalk was dit net kennise. Dalk was dit familielede. Nietemin, hy het aan elkeen ’n uitnodiging gerig om hom by ’n bekende eet- en drinkplek te ontmoet. Vir die ontmoeting het Kobus die hele eet- en drinkplek (kom ons noem die plek Xanadu) vir homself uitgeboek. So asof dit ’n verjaarsdag was.

Hy het opgevolg met mense wat dalk nie op sy uitnodiging gereageer het nie. Hy het hulle sommer ook gebel indien hy hulle nie per e-pos in die hande kon kry nie.

By Xanadu het hy hulle op die lekkerste eetgoed getrakteer en daar was ’n oop kroeg. Toe die voggies soos kwiksilwer deur die are vloei, tik hy teen ’n wynglas (versigtig om nie Xanadu se kristalglase te kraak nie), maak sy keel skoon en begin met iets soos “vriende, vriende!”

Dan begin hy sy plan verduidelik.

Elkeen moet hom net hulle bankbesondehede gee. Dis basies al wat hy gaan nodig hê. So maklik soos dit. Hulle gaan dan ’n inbetaling van sekere maatskappy ontvang. Wanneer die geld veilig in hulle bankrekening is, moet die vriende dan 80% van die geld weer in Kobus se bankrekening inbetaal. Hulle kan dan die ander 20% hou. Vir hulle moeite en vir *goodwill*.

*Goodwill* se *agterent*, dink ek. Maar as jy gierig is en geld soek, is dit seker vir jou aanvaarbaar.

Die vriende is natuurlik baie ingenome met die plan en verskaf sommer daar en dan die besonderhede. ’n Baie maklike manier om geld maak, dink hulle. Aftree is nou ’n tree nader.

Vir ’n typerk van ongeveer ses maande, ontvang die “vriende” inbetalings vanaf ’n sekere maatskappy en hulle betaal die 80% oor na Kobus. Kobus se glimlag word met elke inbetaling groter.

Maklike geld, dink hy.

Daar is wel een klein detail wat Kobus uit die oog verloor het.

Die maatskappy is vir BTW geregistreer en elke betaling aan ’n persoon is onderworpe aan belasting. Daar is mos net twee goed wat seker is: dood en belasting. Alhoewel sommige mense laasgenoemde kan *pypkan*, maar ook nie vir lank nie.

Aan die einde van die Finansiële jaar kry elkeen van die vriende ’n mooi briefie van SARS: “Ons sien dat jy ’n maandelikse salaris / betaling vanaf hierdie maatskappy ontvang het. Neem kennis dat jy die volgende bedrag aan SARS verskuldig is.”

Die vriende skakel die maatskappy: hulle het nog nooit van die maatskappy gehoor nie, en nou sien hulle dat SARS dink dat hulle vir hierdie maatskappy gewerk het.

Die maatskappy reageer met: “Volgens ons rekords, sien ons dat jy vir ses maande ’n salaris ten bedrae van R xxxx ontvang het.”

Maar, keer die mens, ek het nog nooit daar gewerk nie!

“Ken jy vir Kobus?”

Ja, ek ken vir Kobus, sê die vriend.

“Vra dan vir Kobus.”

Te laat, te laat, dink die vriend. Kobus het my vir ’n *aap gevat*.

Nou wonder ek: hoe lank vat dit om so ’n plan uit te dink? Hoe lank vat dit om iemand te oortuig om in jou plan te glo? Of is almal net so gierig dat hulle nie eers aan die gevolge daarvan dink nie?

Ek wonder of dit is hoe die Guptas se kaping begin het? En dalk is dit ook hoe die Thembisa-skandaal begin het? Wie dink sulke plannetjies uit? Wie het tyd om dit tot op die fynste besonderhede te beplan?

Ek wens vandag ek het geweet hoe op aarde jy elke aand met ’n skoon gewete gaan slaap.

Want iewers moet jy seker sleg voel omdat jy ander mense se geld steel. En dalk die kos uit hulle monde neem.

Dit slaan my dronk.

# Police arrest three suspects, recover ammunition worth over R10 000 in Heilbron

Heilbron police made a significant breakthrough this week after months of investigating a spate of burglaries in the area. Acting on intelligence gathered from these incidents, officers swooped in on a house in S Section of the Phiritona informal settlement, where three suspects were arrested.

During the operation, police seized 98 rounds of large-caliber munitions, estimated to be worth more than R10 000. The cache was recovered without any firearms being found on the scene.

According to police, a local resident later came forward to claim ownership of the munitions. The individual, who had not reported any firearms stolen, said the ammunition had been taken during a burglary at their business around the 18th of September. The victim, who operates a hair salon in Heilbron town, reported that numerous items were stolen during the break-in, including the 98 rounds.

Authorities confirmed that investigations into the suspects' possible links to other burglaries in the area are ongoing. The trio is expected to appear in court, Friday 03 October, on charges related to the possession of ammunition and suspected stolen property from other reported burglaries in the vicinity of the hair salon. The victim suspecting that the burglars entered into the hair salon through the roof, as there were no visible signs of forced entry or breakage through windows or doors.

Police have urged residents to remain vigilant and to report any suspicious activity as efforts to curb crime in Heilbron continue.



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald asook skryfbehoeftes en kommersiële drukwerk kontak gerus vir
*Antonio Pienaar*
by die
**Heilbron Herald**
**058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

# DA secures permanent sewage truck for Edenville after sustained pressure

The democratic alliance in Ngwathe has successfully ensured that a permanent sewage pump truck (honey sucker) is now allocated to Edenville, following sustained pressure on the municipality.

Due to the lack of a yellow fleet, residents were unable to be serviced for extended periods. However, through continuous pressure and the repeated reporting of overflowing sewage pits, the DA welcomes the announcement that a dedicated honey sucker truck has now been assigned to Edenville.

This development is clear proof that where the DA applies consistent pressure and acts with purpose, tangible improvements follow.

The residents of Edenville deserve reliable and timely service. We will continue to ensure that essential services are provided as they should be.

We will continue to monitor the situation closely to ensure that PIDs (Public Infrastructure Defects) are reported and attended to promptly. This is in stark contrast to the past, where residents often complained that no action was taken for up to three months after reporting issues.

The DA remains committed to supporting communities and holding the municipality accountable where service delivery falls short.







# Hoogte Boerevereniging bederf inwoners van Huis-Bron-van-Heil

Met die belofte van die eerste reën vir die seisoen het Hoogte Boerevereniging soos oudergewoonte vir die inwoners van Huis-Bron-van-Heil kom bederf met 'n lekker skaaptjop, wors en bykosse vir Braaidag. 'n Glasie wyn is geklink op samesyn!

Die Voorsitter van Hoogte Boerevereniging, Johan Germishuys het elke inwoner bedank vir die rol wat hulle in die gemeenskap gespeel het. Die dag word gehou om dankie te sê daarvoor. Daar het 'n feestelike atmosfeer geheers en almal het die dag geniet.



*Op die foto agter vl: Pierre Botha, Frans Muller, Simon Germishuys, WJ Naudé, Jacques van Rooyen, Johan Germishuys, Willie Matthee, Fanie Snyman, John Keogh en Paul Keogh, Lianke Keogh. Voor vl: Alzan Myburgh, DJ van Deventer, Corjan Roos, Kerneels Fourie, Jeff en Nonna Roos, Marlize Naudé, Rita Keogh en Gert Hendrik Muller.*







RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 1922

# The Allure of the Krugerrand:

## *South Africa's Gold & Silver Icons for Everyday Wealth*



Few coins have captured the imagination of investors quite like the South African Krugerrand. Introduced in 1967, the gold Krugerrand was the first bullion coin of its kind, designed to make gold ownership simple, accessible, and practical. Since then, it has become the most widely recognized and traded bullion coin in the world. In 2017, on its 50th anniversary, South Africa expanded this legacy by launching the 1 oz Silver Krugerrand, offering everyday investors another trusted way to secure and grow wealth.

Both gold and silver Krugerrands have become symbols of stability in uncertain times—and smart tools for anyone looking to take control of their financial future.

**Why the Krugerrand Stands Out**

Unlike many collector coins, the Krugerrand's value is directly linked to its precious metal content. Each full-size Gold Krugerrand contains one troy ounce of fine gold, while the Silver Krugerrand holds one troy ounce of fine silver. These coins are not just beautiful works of minting—they are liquid, globally trusted assets.

- **Global Recognition:** Both gold and silver Krugerrands are accepted by bullion dealers worldwide.
- **Durability:** The gold coin is alloyed with copper for toughness, while the silver version is .999 fine silver.
- **Liquidity & Flexibility:** Available in multiple sizes for gold (1 oz, ½ oz, ¼ oz, 1/10 oz) and the standard 1 oz silver coin, making it easy to buy or sell at will.

**Why Precious Metals Make Sense Right Now**

Precious metals have always been seen as a safe haven, and recent years have proven why. With gold and silver prices shooting up to new highs, investors are reminded that these metals often thrive when currencies weaken, inflation rises, or global markets wobble.

**Here's why average savers and investors are turning to Krugerrands:**

1. A Hedge Against Inflation

Every time your local currency loses buying power, gold and silver remind us of their resilience. While cash slowly erodes, a Krugerrand tends to hold or increase in value.

2. True Wealth Preservation

These coins are tangible assets—no app, bank, or brokerage needed. When you hold one in your hand, you literally hold wealth you can pass on to your children.

3. Control in Your Hands

Unlike shares or savings accounts that sit in someone else's custody, Krugerrands put you in charge. You decide where to store them, when to sell them, and how to use them. It's financial independence in its purest form.

4. Portfolio Stability

Gold and silver often move differently from stocks and bonds. Adding them to your savings balances risk and protects your wealth against sudden market shocks.

5. Legacy Building

Few investments are as personal and enduring as handing a child or grandchild a gold or silver Krugerrand. It's not just money—it's a family heirloom with timeless value.

**Gold or Silver: Which Krugerrand is Right for You?**

- **Gold Krugerrand:** Perfect for long-term wealth preservation and larger-value storage. Its reputation and durability make it a cornerstone asset for any portfolio.
- **Silver Krugerrand:** More affordable per coin, allowing the "average guy" to steadily accumulate ounces over time. With silver's strong industrial demand and rising global scarcity, it offers exciting growth potential in addition to wealth protection.

Many investors choose to hold both, using gold for anchoring wealth and silver for accessibility, affordability, and future upside.

**The Bottom Line: A Tangible Future**

In a world of digital promises and ever-shifting markets, Krugerrands give you something solid. They're not just shiny collectibles—they're savings vehicles, inflation shields, and long-term assets you can hold, store, and pass down.

When you own Krugerrands—gold or silver—you're not just investing in metal. You're investing in peace of mind, personal control, and a legacy that will outlast you.

# Tiny hometown role model

Lushay Barends is a talented 9-year-old girl from Heilbron, proudly carrying the name of the small community of Sandersville and the Free State wherever she competes. From a young age, Lushay has displayed a natural flair for creativity, confidence, and stage presence, which inspired her to step into the world of pageantry—where she has already begun building an inspiring journey.

In 2025, Lushay competed in two prestigious pageants. On the 30th of August, she was selected to participate in the Miss Supremacy SA competition. Although she could not attend the event in person, her dedication and charitable spirit shone through, earning her the titles of The Charity Queen and Queen of the Free State. A month later, on 28 September, Lushay graced the stage at the Miss Summertime Supreme pageant, where she was crowned as the Junior Queen.

Looking ahead, Lushay is preparing to compete in Little Miss Empower 2026, set for May 2026. This will mark her second appearance at the event, after achieving 1st Runner-Up in 2024.

Beyond the titles, Lushay is passionate about inspiring others her age. Believing that pageantry is not only about beauty, but also about confidence in who you are, kindness and character growth.

Lushay Barends is a young role model in the making—an example of what it means to dream big, work hard, and represent both oneself and one's community with pride. Her story is only beginning, and the future ahead promises even greater achievements.







**PUBLIC NOTICE**
**IDP REVIEW PROCESS PLAN**
**2026 - 27 FINANCIAL YEAR**

**Notice is hereby given in terms Section 28 (2) of the Local Government:** Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000 as amended) that; on 29 August 2025, Ngwathe Municipal Council approved its IDP Process Plan for the development of the Integrated Development Plan, Budget and PMS for 2026-27.

In line with the Act, the Municipality is required to give notice to the local community of particulars of the process it intends to follow.

The IDP Process Plan specifies timeframes, actions, procedures, and appropriate mechanisms for public participation and alignment.

The document can be accessed in our municipal website: www.ngwathe.fs.gov.za.

For more information, please contact the following email addresses:

Office of the Municipal Manager
IDP Office
Mr. I Mosala (Manager: IDP)
Email: mosalai@ngwathe.co.za
puseletsom@ngwathe.co.za
idpsubmissions@ngwathe.co.za

Office of the Chief Financial Officer
Budget & Treasury Office
Ms.L Lepele (Acting Manager: Budget)
Email: lepelel@ngwathe.co.za
budgetsubmissions@ngwathe.co.za

Kind Regards,
**Dr FP Mothamaha**
**MUNICIPAL MANAGER**


# 135 jaar van vergete erfenis in Heilbron Commercial Hotel

• Renè Fourie
(In samewerking met Riemland Museum)

Commercial Hotel Heilbron - met sy dubbelverdieping en addisionele erf is in die mark. 'n Renoveerder se droom en inkomste geleentheid.

**'n Stukkie Geskiedenis oor Commercial Hotel:**

V.H.(Verc Herbert) Tanner koop die perseel waarop Commercial Hotel Heilbron staan in 1880. In 1890 koop W.P.(William Page) Garner die perseel en rig die eerste Hotel in Heilbron op. Dit was 'n sinkgebou en was genoem die Caledonian Hotel. Die eerste koeldrank fabriek was in die agterkant van die gebou opgerig. Die Engelse het tydens die Boereoorlog in die Hotel tuisgegaan.

Oktober 1898 met die inhuldiging van Heilbron se nuwe spoorwegstasie het die eienaar W.P. Garner 'n banket in die stadsaal aangebied vir onder andere President M.T. Steyn wat die inhuldiging kom waarneem het.

Kort na die Boereoorlog het die sinkgebou afgebrand en is die huidige Commercial Hotel gebou. Die Hotel word oorgeneem in 1911 deur H.J. Tucker – wat die gebou gemeubileer het. Die Commercial Hotel word op daardie stadium die beste Hotel in die Vrystaat. Tucker het 8 jaar se ondervinding opgedoen in Natal en 2 ½ jaar was hy ook die bestuurder van die Wanderers Club in Johannesburg. Die Hotel het nuwe verf gekry en met sy nuwe meubels het Commercial Hotel sy status verdien.

Elekstriese ligte en klokkies was geinstalleer met warm water. Die Commercial het gespog met 26 kamers , 'n groot eetkamer met nagenoeg plek vir 80 mense, 'n snoekerkamer, 'n leeskamer en 'n netjiese ingerigde kroeg.

Kapkarre en tot 'n busdiens was elke dag beskikbaar vir die inwoners na die Stasie. Perdestalle was beskikbaar vir ongeveer 50 perde. Hotelgangers kon ten alle tye 'n perd huur. 'n Kok is ingevoer vanaf Mauritius, 'n huishoudster en 9 ander personeel het die Hotel bedien met net die beste dienste. In 1912 adverteer Mev. Tucker in die Oranje River Colony directory "The cuisine is all that could be desired and is personally supervised."

Mnr en Mev. Tucker se eerste proriteite was hulle gaste. Pieknieks en bankette was aan die orde van die dag. Hierdie Geskiedkundige Hotel het die stoms van die tye oorleef.

Van die daarop volgende eienaars was die Goldsteins, Assermans en ook later die Shapiros, die Gillmansen Shulmans en nog 'n paar ander eienaars oor sy leeftyd van ongeveer 115 jaar. (Die nuut geboude Commercial Hotel wat die afgebrande Caledonian Hotel vervang het.



# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION)

In the Magistrate's Court for the District of Fezile Dabi Held at Heilbron
**Case No. 207/2024**
**In the matter between:**
**MABUSE ISAAC MOEKETSI**
*Execution Creditor*
And
**ADANA ISHAMA**
*Execution Debtor*

1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 14/05/2025 in the Heilbron Magistrate's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under-mentioned goods will be held. The particulars of the sale/auction are as follows:
1.1 Date: 27/10/2025
1.2 Time: 13:15
1.3 Place: Magistrates Court, Els Street, Heilbron, 9650
2. In terms of Regulation 20(3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20(2)(b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the Regulations can be obtained at (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961).
4. Prospective buyers are required to register before the commencement of the auction.
5. FICA – legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee is payable before the commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneer Mr. WF Minnie.
8. Method of payment: Cash, bank guarantee, cheque, or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**Description of goods or property:**
**1. 1 x Double Door Glass Fridge**
**2. 1 x Sliding Door Fridge**
**3. 10 x 10kg Assorted Maize Meal**
**4. 4 x 12,5kg Assorted Maize Meal**
**5. 7 x 5kg Assorted Maize Meal**
**6. ± 30 x 2l Assorted Cold Drinks**
**7. ± 30 x 1,25l Assorted Cold Drinks**
**8. ± 30 Koo Assorted Canned Goods**
**9. ± 10 x 5l Assorted Sauces**
**11. 6 x 2kg Sunlight / Omo Washing Powered**

Dated at Heilbron on this 16th day of September 2025.
**ELZETTE SLABBERT**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEY**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET HEILBRON**
**TEL.NO. 0588522816**
**E-MAIL : elzette@jansenprokureurs.co.za**
**REF: MOE2/0005/ES**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Nr T 9082/2004** passed by **Esré Claasen, Identity number: 621210 0129 00 1,** Married out of Community of Property in favour of Veronica Burger, Identity number: 540121 0027 08 7, Married out of Community of Property in respect of ERF 1292, HEILBRON, district HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Office of the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 1st day of October 2025
**APPLICANT:**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET, PO BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E -MAIL ADDRESS: merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PETRUS JOHANNES SLABBERT**, Identiteitsnommer: 490926 5015 08 9, in lewe 'n BOER, woonagtig te Rustplaas, REITZ, 9810, getroud Buite Gemeenskap van Goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 27 MEI 2022**
**BOEDELNOMMER : 008321/2022**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**


# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National








# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***





**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**


Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
Herald Office National









# HERALD Sport

# Turf Tech Outdoor bring nuwe lewe na Koppies se tuinuitleg en landbou dienste

Koppies – ‘n nuwe onderneming, Turf Tech Outdoor, het sy deure oopgemaak die week in Koppies en bring broodnodige gerief aan plaaslike inwoners en boere. Die besigheid, onder leiding van AJ. Bezuidenhout en sy vennoot, Luhan Erasmus, fokus op tuinuitleg, klein plant- en gereedskapverhuring, kettingsaag-slyp, herstel en dienswerk op Stihl en Husqvarna produkte – met volledige dienspakkette beskikbaar vir beide handelsmerke.

Volgens Bezuidenhout was daar ‘n duidelike gaping in die mark. “Koppies is ‘n klein dorp met ‘n kleiner landbougemeenskap. Vir tuinuitlegdienste en plant- of toerusting huur moes mense vêr ry. Dit kos tyd en geld. Ons wou die oplossing wees en dit plaaslik bring,” verduidelik hy.

Die idee vir Turf Tech het natuurlik gegroei. Vanuit hulle ervaring in die bou- en konstruksiebedryf het die twee vennote besluit om uit te brei na tuinuitleg en die verwante dienste. Hulle glo die gemeenskap baat nie net uit die dienste nie, maar ook uit die besparing wat dit inhou. Dis hoekom hulle daar is om daardie diens te bied.

Turf Tech se planne vorentoe sluit in die uitbreiding van produkte, insluitend die aanhou van *Personal Protective Equipment*, ‘n breër reeks van tuinuitleg-verwante artikels, en ‘n groter katalogus in hul afdeling van vehuring van gereedskap. Daar is ook ‘n visie om meer handelsmerke by te voeg en die dienste oor ‘n wyer radius te lewer.


Vir die omliggende gebiede is daar ook goeie nuus, Turf Tech ry weekliks Heilbron toe vir op perseel diens en herstelwerk van implimente – ‘n bewys van hul toewyding om in kliënte se behoeftes te voorsien eerder as andersom. Met dié nuwe onderneming word Koppies en sy landbougemeenskap voorsien van ‘n modern, gerieflike en plaaslike oplossing wat voorheen ontbreek het. Turf Tech beoog om in die toekoms nie net dienslewering te verbeter nie, maar ook om ‘n stewige pilaar van ondersteuning in die streek te wees.



*Op die foto vl: AJ Bezuidenhout en Luhan Erasmus.*

# Besigheidsliga 2025:

## *Rolbal liga skop af in koue lente weer*






*Christelle Els, Silma Petzer, Irma Venner, Micaela Swart, Shaun Zaaiman, Juan Botha.*
*Agter: Angelo Pienaar.*
*Afwesig vir die foto: Elsabé Müller.*


*Op die foto vl: Bennie en Tanya Steenkamp en Johnnie Fourie.*

So skop die besigheidsliga van 2025 af met bibber weer. Jasse en musse was aan die orde van die dag. 16 Spanne het bymekaargekom om mekaar die stryd aan te sê om te bepaal watter besigheid as wenner uit die stryd gaan tree. ‘n Lekker Bunny Chow “a la Tanya” het die koue verdryf. Donderdag 2 Oktober 2025 is die volgende rondte en met baie tellings wat gelyk is gaan dit verseker ‘n interessante afêre wees. Heilbron Rolbalklub bedank die besighede vir hul ondersteuning.

Woensdag 24 September 2026 het 2 spanne van Heilbron aan die Trips Kompetisie by Riverside Klub in Vereeniging deelgeneem. Uit 28 spanne het die span van Bennie Steenkamp 3de geëindig.

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BETREKKING VAKANT
Drywer / Operateur vir Hoogloop spuit



Diensaanvaarding: So gou as moontlik
Navrae: Koos Engelbrecht
082 388 2277

VAKANTE POS
'n Vakature is beskikbaar by **Boere Bande Heilbron.**
Belangstellendes word uitgenooi om hul CV per e-pos na: **heilbron@boerebande.co.za** te stuur.
**Let wel:** Slegs CV's wat gemail word, sal oorweeg word.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
**MAANDAG - 6 OKTOBER 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
**DINSDAG - 7 OKTOBER 2025**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ABERFELDY/KESTELL: VOSSTOFFEL BOERDERY DOHNE SKAPE
11:00, plaas Vorentoe
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
**WOENSDAG - 8 OKTOBER 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
ERMELO/LOTHAIR: M VENTER STAAK SAAIBOERDERY
11:00, plaas Kranspan
Kontak Moolman Mentz 083 229 2500
THEUNISSEN: CRONCO BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Grootkuil
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
**DONDERDAG - 9 OKTOBER 2025**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
**VRYDAG - 10 OKTOBER 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za